



Met harde werk, uithouvermoë en Mind Moves® oppad na 'n goeie toekoms vir my kind.



'n Gelukkig Mamma vertel die suksesstorie van haar kind, een van Marietjie Poggenpoel se kliënte:

“Om 3 seuns groot te maak is 'n uitdaging! Dit is voorwaar harde werk, maar natuurlik ook 'n groot seën.

My drie mannetjies hou my BAIE besig en op my tone. Daar is altyd 'n geraas en gestryery in ons huis, “hou op, tel op, los mekaar uit, moenie” maar daar was nog nooit chaos in ons huis gewees nie.....tot in Julie 2016 toe my huishulp my bel by die werk. Ek kon nie uitmaak wat sy vir my probeer sê nie, maar ek kon sommer in haar stem, en in die agtergrond, hoor daar is nou chaos by daardie huis. Al wat ek kon uitmaak is dat Johan* baie seer gekry het.

Ek het dadelik in my kar geklim en huis toe gejaag. By die huis aangekom, was dit net bloed oral waar ek kyk, vanaf die tuinhekkie tot binne in ons huis. Johan is met sy arm dwarsdeur ons voordeur se venster. Hy het sy bo-arm oopgesny tot op die spiere, 'n sny van sowat ±10cm lank en by sy pols was 'n groot gat gewees. Ek het met hom hospitaal toe gejaag waarna hulle hom direk teater toe geneem het om sy wonde toe te werk. Na 2 en 'n halwe ure in teater en meer as 60 steke, is hy veilig en het geen permanente skade opgedoen nie. Die nagmerrie is verby en ons kan daarvan vergeet.....of so het ek gedink. *(Sien foto's van besering en herstel aan die end van die suksesstorie.)*

Johan het begin moeilik raak oor alles. Hy het aanhoudend baklei met sy broers, hulle mag nie aan hom vat nie of eens naby hom sit nie, dan raak hy buierig. Hy het baie humeurig geraak oor klein goedjies. Hy het net sekere kosse geëet en wanneer dit nie op die etenstafel was nie, het hy geweier om te eet, al beteken dit hy gaan honger slaap. Hy het begin negatief raak oor alles. Sy juffrou het my telkemale laat inkom oor sy skoolwerk wat hy nie klaarkry nie. Hy moes pouses of selfs na skool sit om sy werk en selfs toetse net klaar te kry. Hy het vir my begin sê hy is dom, want hy kan nie sy werk doen nie. Dít, breek 'n ma se hart. Ons het maar elke aand laat gesit met sy huiswerk en dit was die grootste baklei vir die dag. Sy aandag was net nie daar nie. Alles en almal om hom het hom gepla. Volgens my was dit net 'n verskoning om nie huiswerk hoef te doen nie of 'n verskoning vir hoekom hy nie sy werk ken nie. Ons het maar aangesukkel, want volgens ons was dit tog mos net 'n fase waardeur hy gaan.....totdat Juf. Marietjie Poggenpoel, Gevorderde Mind Moves Instrukteur in Walvisbaai, gevra het om vir my en my man te sien oor Johan.

Sy het ons vertel dat Johan getraumatiseer is na die ongeluk met sy arm. Sy het ons begin vertel watter tipe kind hy is en watter tipe gedrag hy toon wanneer hy by die huis is, sonder dat sy elke dag by ons is. Ek kon nie glo dat sy my kind so goed ken sonder dat ons haar enige iets van hom vertel het nie. Ek was so bly dat daar iemand is wat nou verstaan

en my gaan kan help om sy selfbeeld net weer te kan opbou. Sy het vir my verduidelik dat al sy refleksie weer aan die beweeg is en hy tas-sensitief voorkom en daarom nie daarvan hou as iemand aan hom vat nie. Dit is ook die rede hoekom hy net in sekere kosse belangstel, want hy hou nie van die teksture van meeste van die kosse nie. Hy het ook net sekere klere gedra. Sy aandag in die klas en selfs by die huis was net nie daar nie. Hy kan geensins met geraas om hom fokus nie. Enige geluidjie wat hy hoor, trek sy aandag.

Ons het begin met Mind Moves - ooggend en aand en net deur self te verstaan wat met hom aangaan, kon ek hom help. Juf Poggenpoel het vir my idees gegee hoe ek met hom te werk moet gaan wanneer ons huiswerk doen en hoe ek hom moet hanteer. Ek kon na 'n maand reeds vordering sien. Hy het toets geskryf en het saam met sy klasmaats klaar gemaak en het boonop goeie punte behaal!

Dis is nou sowat 3 maande na die insident en sy vordering is duidelik sigbaar.”

Sien onder die fotos van die herstel van sy wonde, na baie Mind Moves Massering en ekstra trek oor die buitelyne van die arms spesifiek:



Vanuit die Ankersentrum Walvisbaai
Namibië.

Marietjie Poggenpoel
Gevorderde Mind Moves Instrukteur
Windhoek

*Skuilnaam